

Sondag 15 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13-16

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13; HK Sondag 31, Vraag 84

Die implikasie van die gesag van die prediking

Die feit dat die prediking die gesagvolle verkondiging van die Woord van die ewige, almagtige God is, het geweldige implikasies vir sowel die *prediker* as die *lidmate* van die gemeente (1 Tess. 2:13).

Vir die *prediker* beteken dit dat, voordat Hy die Woord van die Here kan verkondig, hy dit eers behoorlik moet ondersoek en bestudeer. Hy moet eers goed luister wat die Here aan hom sê voordat hy iets aan die gemeente kan sê. Daarom is Skrifstudie en nogeens Skrifstudie, tesame met die gebed om die verligting en leiding van die Heilige Gees, vir hom 'n permanente vereiste. So alleen kan hy immers die Woord hoor wat die Here deur hom aan die gemeente wil sê. As hy dit nie doen nie, sal hy nie in staat wees om die ware Woord van die Here aan die gemeente te bring nie, met die gevolg dat die gemeente geestelik kan honger ly. Hy sal dan medeverantwoordelik daarvoor wees dat die deel van God se volk wat aan sy sorg toevertrou is, verdoel weens gebrek aan kennis.

Daarom waarsku die Here so ernstig teen die valse profete wat uit hulle eie harte gedagtes laat opborrel en dit dan verkondig onder die dekmantel dat dit die Woord van God is (Deut. 13:1-3; Matt. 7:15).

Die bedienaar van die Woord moet aan die gemeente sê wat God sê. Al maak dit wat die Here deur hom sê die hoorders baie seer, moet hy nie huiwer nie, want dit is God wat deur hom praat.

Die feit dat dit die Woord van God is wat in die suiwer prediking van die evangelie gesagvol verkondig word, plaas egter ook 'n groot verantwoordelikheid op die *gemeente*. Eerstens moet hulle kerk toe kom om na die Woord van die Here te luister. Verder eis dit ook van die hoorders om met eerbied en konsentrasie te luister, want in die preek praat die ewige God met hulle. Hulle moet luister met oop ore en oop harte sodat hulle dit wat die Here aan hulle sê, kan inneem en in hulle daaglikse lewe gaan doen.

Hierdie dinge moet opnuut beklemtoon word, want daar is lidmate wat na die preek luister met die oor van die taalkundige of die woordkunstenaar of iets dergeliks. Hulle luister egter nie altyd na die preek as 'n gesagvolle verklaring wat van God kom nie. Hulle luister nie so dat dit wat hulle hoor hulle tot bekering bring en die koninkryk van die hemel vir hulle daardeur oopgesluit word nie.

Hieruit is dit duidelik wat dit beteken dat die prediking die bediening van die Woord van God is. Dit beteken dat die prediking gesag, goddelike gesag het, en die handelswyse van die prediker en die hoorders moet daardeur bepaal word.